# Lewensvaardigheid
# Assesseringstaak Kwartaal 4
# Graad 2

Naam en Van: ___________________________________

Datum: _________________________________________

| Afdelings | | Punt |
|---|---|---|
| 1. Aanvangkennis | 20 | |
| 2. Persoonlike en Sosiale Welsyn | 30 | |
| 3. Skeppende Kunste | 20 | |
| 4. Liggaamsopvoeding | 30 | |
| Totaal | 100 | |

Afdeling 1

Aanvangskennis

Punte: 20

Ons land

1.1. Kyk na die kaart van Suid-Afrika en beantwoord die volgende vrae: (3)




1.1.1. In watter provinsie woon jy? Verskil van leerder (1)

1.1.2. Watter provinsie grens aan jou provinsie?

Verskil van leerder (1)

1.1.3. Hoeveel provinsies het Suid-Afrika? 9 (1)

1.2. Daar is 11 amptelike tale in Suid-Afrika. Skryf 4 van die tale neer wat jy ken. (4)

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans | Sotho | Venda |
| Engels | Swazi | Xhosa |
| Ndebele | Tsonga | Zoeloe |
| Noord-Sotho | Tswana | |

1.3. Teken die Suid-Afrikaanse vlag in die blok hieronder en kleur hom die regte kleure in. (6)

1 punt vir elke deel reg geteken met die korrekte kleur.




1.4. By watter geleenthede sien ons die Suid-Afrikaanse vlag? Noem 2. (2)

Polisiestasie, skole of by rugbybyeenkomste

1.5. Wat is ons volkslied se naam? Nkosi Sikelel' iAfrika (1)

1.6. Daar is 5 tale in ons volkslied. (1)

1.7. Kyk na die volgende prente en skryf die nasionale simbole neer. (6 x ½ = 3)




Landsvlag



Springbok



Geelhoutboom



Gal joen



koningprotea



Bloukraanvoël



**Totaal Adeling 1: ____/20**

## Afdeling 2

## Persoonlike en Sosiale Welsyn

## Punte: 30

### Vraag 1: Maniere waarop ons kommunikeer

1.1. Is die volgende stellings waar of vals? (5)

| Stelling | Waar of Vals |
|---|---|
| 1. Ons gebruik skrif en ons stemme om mee te kommunikeer. | WAAR |
| 2. Gebaretaal is nie 'n vorm van kommunikasie nie. | VALS |
| 3. Mense wat blind is en nie kan sien nie, gebruik die Braille-alfabet wanneer hulle lees en skryf. | WAAR |
| 4. Mense wat gebaretaal gebruik, gebruik hand- of vingertekens om met ander mense te kommunikeer. | WAAR |
| 5. Koerante is 'n vorm van kommunikasie. | WAAR |

1.2. Gee een woord vir die volgende stellings. (2)

a. Bestaan uit opgehewe knoppies op die papier wat jy met jou vingerpunte kan voel. Braille-alfabet (1)

b. 'n Man met die naam Louis Braille, wat nie kon sien nie, het die Braille-alfabet uitgevind. (1)

1.3. Kyk na die prent hieronder en skryf 4 voorbeelde van kommunikasie neer. (4)



1. Deur met mekaar te praat.
2. Deur rekenaars met e-pos.
3. Deur met mense te gesels op die telefoon.
4. Deur briewe vir mekaar te skryf.

**Totaal Vraag 1: ___/11**


## Vraag 2: Naglewe

2.1. Kyk na die prente hieronder en skryf of die mense "bedags" of "snags" en hoekom jy so sê. (4)



Snags. Die sekuriteitswag werk gedurende die aand omdat hy 'n flits het. (Leerder se eie antwoord.)

(2)




Bedags. Juffrouens werk bedags omdat hulle vir ons skool gee gedurende die dag. (Leerder se eie antwoord)

(2)

2.2. Skryf 4 maniere neer hoe ons kommunikeer deur te skryf. (4)

1. E-pos
2. Poskaart
3. Brief
4. Faks
5. SMS

2.2. Wat is 'n nagdier? (2)

Baie diere kruip gedurende die dag weg om te slaap en kom net snags uit. 1 punt vir slaap gedurende dag en 1 punt vir wakker gedurende die aand.

2.3. Watter sintuie van nagdiere is baie goed ontwikkel? Noem 3. (3)

1. Gehoor
2. Sig
3. Reuk

2.4. Noem 2 nagdiere waarvan jy in die klas geleer het. (2)

1. Uil
2. Ystervark

2.5. Is die volgende stellings waar of vals? (4)

| | Stelling | Waar of Vals |
|---|---|---|
| 1. | Uile slaap gedurende die nag maar kom bedags uit om te jag. | VALS |
| 2. | Ystervarkies slaap bedags. Snags soek hulle kos. | WAAR |
| 3. | Party nagdiere kruip weg van ander diere wat gedurende die dag jag. | WAAR |
| 4. | Nagdiere se sintuie is baie sleg ontwikkel. | VALS |

Totaal Vraag 2: ___/19

Totaal Afdeling 2: ___/30

## Afdeling 3

## Skeppende Kunste – Uitvoerende kunste + Visuele Kuns

## Punte: 10 + 10 = 20


**Vraag 1:** Uitvoerende Kunste - Improviseer en Interpreteer

**Opdrag:**

Ontwerp 'n poppekas saam met jou maat om die verskillende maniere van kommunikasie uit te beeld.

Hou die volgende ingedagte:

- Jy moet handpoppe gebruik.
- Daar moet dialoog plaasvind.
- Jy moet 'n verhoog of enige voorwerp hê sodat die gehoor julle nie sien nie.
- Jy moet jou stemtoon wissel.
- Jy gaan volgens 'n rubriek gemerk word.



| | Rubriek – Poppekas | Punt | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 1. | Gebruik gepaste intonasie en volume. Woorde word duidelik en korrek uitgespreek, | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 2. | Leerders het 'n verhoog of voorwerp gehad sodat die gehoor hulle nie sien nie. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 3. | Leerders het gebruik gemaak van handpoppe en daar was dialoog tussen die karakters. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| 4. | Inhoud: Die poppekas beeld verskillende manier van kommunikasie uit. | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| | Totaal | /20 | | | | |

Verwerkte punt: (20 x ½ = 10): __/10


## **Vraag 2:** Visuele Kuns – 2D ontwerpe


Opdrag:

Skep 'n 2D prent wat die lewe van nagdiere uitbeeld deur te verf of te teken. Jou prent moet kleurvol en kreatief. Dink terug aan alles wat jy geleer het in die klas oor nagdiere om te gebruik in jou prent.

Jy sal gemerk word volgens die volgende rubriek:

| **Rubriek – Visuele Kuns** | | |
|---|---|---|
| 1. Die leerder se kunswerk is kleurvol. Was die leerder kreatief gewees? | 5 | |
| 2. Die leerder het 'n toneel van nagdiere uitgebeeld in sy/haar prent en die prent toon die leerder se kennis en begrip oor nagdiere. | 5 | |
| **Totaal** | 10 | |





Afdeling 4


Liggaamsopvoeding

Punte: 30

**Doel van aktiwiteit** – Hand-oog-koordinasie en Perseptueel-motories

Benodighede

- Lee houer of asblik
- 'n Tennisbal
- 'n Boontjiesak
- 'n Rugbybal
- 'n Netbalbal



Instruksies

- Verdeel in spanne. Elke span staan in 'n ry agtermekaar.
- Plaas 'n asblik of leë houer ongeveer vyf treë van die span af.
- Die eerste opdrag is dat die leerders die verskillende items met EEN HAND moet prober gooi.
- Die leerder wat voor in die ry staan, gooi die bal in die houer, hardloop om die bal te kry en gee dit vir die volgende leerling aan.
- As jy mis gooi moet jy weer voor in die ry staan en nog 'n keer probeer. Elke leerder moet met die tennisbal, boontjiesak, rugbybal en netbalbal gooi.
- Die leerders moet nou die items met TWEE HANDE in die houer gooi. Elke leerder moet met die tennisbal, boontjiesak, rugbybal en netbalbal met twee hande gooi.
- Almal in die span kry 'n beurt. Die span wat eerste klaar is, is die wensspan.

| Rubriek – Liggaamsopvoeding | | |
|---|---|---|
| 1. Leerder is instaat om die tennisbal in die houer/ asblik te gooi met EEN HAND. | 3 | |
| 2. Leerder is instaat om die boontjiesak in die houer/ asblik te gooi met EEN HAND . | 3 | |
| 3. Leerder is instaat om die rugbybal in die houer/ asblik te gooi met EEN HAND. | 3 | |
| 4. Leerder is instaat om die netbalbal in die houer/ asblik te gooi met EEN HAND. | 3 | |
| 5. Leerder is instaat om die tennisbal in die houer/ asblik te gooi met TWEE HANDE. | 3 | |
| 6. Leerder is instaat om die boontjiesak in die houer/ asblik te gooi met TWEE HANDE. | 3 | |
| 7. Leerder is instaat om die rugbybalin die houer/ asblik te gooi met TWEE HANDE. | 3 | |
| 8. Leerder is instaat om die netbalbal in die houer/ asblik te gooi met TWEE HANDE. | 3 | |
| 9. Die leerder kan sy beurt afwag en volg die reels van die opdrag. | 3 | |
| 10. Die leerder is entoesiasties oor die aktiwiteit en gee sy bes. | 3 | |
| Totaal | 30 | |